



<i>Marthinus P. Beukes</i>	Gedig	127
<i>Meyer van Rensburg</i>	Gedig	128
<i>Renate de Bruyn</i>	Herinnering in blou	129

### Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daarvoor te korrespondeer nie. Bydraes in viervoud moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan Die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

### Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. Four copies of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.



Marthinus P. Beukes  
*Gedig*

## **judith mason selfportret in blou**

*ig*

terracotta agtergrond wond oop  
op die voorgrond sit 'n vrou verslae  
in vervloeiende blou lyf  
vlamme gloei oor 'n verskroeide vel

sy kyk oëloos uit  
'n bril afgesak hang om die nek nutteloos  
afwagtende arms leun swaar beaar af  
'n nuttelose verlies nagalm vleeslik sysag

Meyer van Rensburg  
Gedig

"... dat woorde al 's verknoei wat onuitspreeklik is."\*

(Lina Spies)

Efas welriekende wete  
wel vreugdevol op in my  
brand heilige salfolie en reukwerk  
geurige kaneel en kalmoes en sikkels fyn mirre  
wierook en speserye: 'n vuuroffer  
nonette note van die sjofars  
dring deur elke sinaps en sel  
deur logge longe, keel en mond  
stil stembande en trae tong  
wat dit tog reg wil sê  
sonder verwringing  
[*vox populi, vox Dei?*]  
dit wat onuitspreeklik sing in my  
hoe sê ek  
of spreek ek uit  
tabernakels oopgewelde heerlijkheid  
wat g'n woord se grens kan stuit?

Nie net dat Hy is  
[dit weet ek tog gewis]  
maar simplisties  
dat Hy almagtig die lewe lei  
endogeen  
diep binne onbenullige my.

\* Hierdie gedig het in Literator 12(2)1991 verskyn. Ná navraag van die digter plaas ons 'n beter lesing daarvan.

## Herinnering in blou

En nou is dit stukkend. Dit lê in 'n mengsel van slaai en mayonnaise en glasstukke. Rinkelend. Die bloed groei rooi uit jou vinger en jy kyk verward na die skrefie glas, jou bron van pyn. Flertsies blou glas, kerk-patroontjie-mooi-glas, ogies na die lig gedraai. 'n Traan vind sy pad langs jou wang.

Die stilte het in die huis gesuis, oorheers. Later het die stemme gekom. Ma, Pa, Boet. Vriende, dominee. Maar dit het normaal geword. Herinneringe het die plek geneem van 'n hees stemmetjie wat saggies kerm. Flertsies blou in lig. Skeef.

Sy was jou Sonkind, Hemelkind, Liewe Jesus-kind. Ja, sy was anders, maar dierbaarder, joue. Die skewe blou flertsies het geglinster as sy jou herken en as jy so by haar staan, het sy normaal geword. Down-sindroom se voet, sy is joue ... Was.

Jy sou haar na die beste skool stuur, hulle hoef nie dom te bly nie, van hulle is baie intelligent ... Jy het gedroom van die blou rok, hemelsblou, wat jy vir haar sou kry. Groot blou strikke in haar goue haartjies as die son wegkruipertjie daardeur. Skewe flertsies blou.

Die laaste dae het haar haartjies dowwer geword. Maar jy het dit misgekyk, aspris, want jy wou dit nie sien nie. Jy het na haar kerk-venster-glas-flertsies gekyk en geglimlag.

Tot hulle ook dof geword het.

Jy ruik nog die poeier in die blou kamer deur die toe deur - julle wou 'n seun gehad het. Maar tog was daar genoeg valletjies, jou aandeel, om 'n dogtertjie te ontvang. Blou valletjies - blou ogies. Flertsies.

Hoe kán hulle sê jy moet vergeet. Weer probeer. Wat weet hulle! Van bekommerd wees in die nag oor haar effense gehyg, haar handjie vashou wanneer sy skor by jou kla, van ogies van blou glas wat by jou pleit?

Die klein wit kisse in die groot bruin gat. Jy wou skree. Jou stem wou, jou hart wou, maar jy kon nie. Blou koringblomme in trosse op die kis. Jou rok was nie swart nie, sy het nooit van donker gehou nie, jy kon selfs aanvoel hoe sy wegdeins as jy donker dra, jou binneste was swart. Nee, jou rok was blou, soos die blomme, die kerk-venster-prentjie, die flertsies blou skreef oë.

Van stof is jy van stof van stof. Blou. Laat laat die kinder-kindertjies na my na My toe kom kom koomm. Kindertjies. Hoekom sy sy sy. Here?!

In jou verbeelding vlug jy weg van dit wat jy nie wil hoor nie. Jy vlug weg van dit wat jy nie wil weet nie. Jy vlug weg, weg, wég van dit alles - want jy was nie gereed om dit te aanvaar nie.

Jy besef meteens, jy sal nie weer vir Dominee wegjaag nie. Jy sal nie weer jouself wegja nie. Jy sal onthou, 'n herinnering in blou. Jy buk en tel die slaaibak se blou flertsies een vir een op ...